



*NG Kerk KraggaKamma*

*Ons is God se Fontein van Liefde / Hart vir Nelson Mandelabaai*

## Optelgoed is Hougoed

Stoffel: *[Baie opgewonde]* Oeeee, hallo maats !!! Julle sal nie glo wat nou net met my gebeur het nie!!! Kyk net hier. Ek het R100 opgetel! Sommer net hier agter die verhoog! My pa sal sê ek is sommer baaaaie lucky! Hulle sê mos OPTELGOED is HOUGOED!!! Mmmmmm.... Ek dink ek gaan vir my lekker sweets koop.....  
Dalk nog 'n paar games vir my Xbox. Oeeee, ek kan nie wag nie....  
ek dink ek moet dit net gou gaan bêre in my beursie....ek kom nou-nou terug....

*Stoffel gaan AF en Lizzy kom al huilende OP*

Wysmuis: Nou wie huil dan nou so vanmôre? Lizzy, is dit jy?

Lizzy: Ja *[huil nog steeds]*...Môre Wysmuis.

Wysmuis: Nou waarom huil jy so?? Wat het gebeur?

Lizzy: Ag, Wysmuis *[snik-snik]*... iets verskrikliks!!!!*[huil]*

Wysmuis: Ai, Lizzy, wat is dit???

Lizzy: Ek het my fotogeld verloor!

Wysmuis: Verloor! Agge nee..

Lizzy: Ja, mamma het vir my R100 gegee vir fotos by die skool. En nou het ek dit verloor.... En nou gaan hulle nie foto's van my neem nie en mamma gaan vreeslik kwaad wees!!! Whaaaaaa *[huil]*

Wysmuis: *[probeer troos]*..Toemaar, toemaar...ek is seker...

*Stoffel kom op – nog steeds opgewonde*

Stoffel: En wat gaan hier aan ? Ag, ek moes geweet het, dis alweer Lizzy wat 'n tantrum gooi!  
Wat is dit nou al weer?

Wysmuis: Môre, Stoffel!!!

Stoffel: Môre, Wysmuis, nou wat is die krisis nou alweer?

Wysmuis: Ag, sy is baie ongelukkig, want sy het haar fotogeld verloor ...

Lizzy: Ja, en nou gaan hulle nie fotos van my neem nie en my ma gaan baie kwaad wees.

Stoffel: O.. Myne het ek al lankal betaal! So gelukkig sal my Ma nie kan kwaad wees nie.

Wysmuis: Ai, Stoffel...

Lizzy: Ag tog ....ek kan dit nie verstaan nie. Ek het dit dan nog netnou in my hand gehad.

Wysmuis: Kom ons dink net gou n bietjie.... Waar het jy orals met die R100 geloop?

Lizzy: Ek was net hier agter die verhoog nadat mamma die geld vir my gegee het

Wysmuis: So dalk is dit nogsteeds hier agter. Stoffel, jy was mos nou net hier agter die verhoog.  
Het jy nie dalk 'n R100-noot gesien nie?

Stoffel: Uhhhhhh.....mmmmmm.... 'n R100? ..... Uhhhh....net hier agter die verhoog???.Uhhhhh.... nee.....

Wysmuis: Hoe klink dit dan so asof jy nie seker is nie?

Stoffel: Uhhhhhh.... Nee, ek is seker. Geen R100 gesien nie. En veral nie agter die verhoog nie.

Wysmuis: Nou ja, miskien moet ons gou weer gaan kyk of ons dit nie dalk hier agter êrens sien lê nie. Ek is seker dis hier êrens. Kom, Lizzy.....

*Lizzy en Wysmuis AF*

*Stoffel sit eers net so bietjie en dink.*

Stoffel: Weet julle, ek dink ek het Lizzy se R100 opgetel.....maar OPTELGOED is mos HOUGOED.... En ek kan nie help as sy nie na haar goed kyk nie... nee wat, sy moet maar suffer.

*Wysmuis en Lizzy kom weer op*

Wysmuis: Ai, wel lyk my daai R100 is weg, Lizzy.

Lizzy: *[Snik-snik]* Ai , toggie .....wat gaan ek doen???

Wysmuis: Weet jy wat, gaan vertel maar net vir Mamma die waarheid. Die Bybel leer ons in Spreuke 23 vers 23, om altyd die waarheid te praat en dat ons nie moet jok nie. So gaan wees net eerlik . Dit is wat Jesus van ons vra.

Lizzy: Nou goed dan , ek sal vir Mamma alles gaan vertel, al is ek baaaie bang.

*Lizzy draai om asof sy gaan af gaan*

Stoffel: Uhhhhhh...Lizzy....Wag....

Lizzy: Ja...

Stoffel: Uhhhh... ek het jou R100! Ek het dit netnou hier agter die verhoog opgetel. Maar toe dink ek OPTELGOED is HOUGOED.....en ek dink aan al die sweets wat ek daarmee kan koop.....toe bly ek maar eerder tjoepstil... maar toe Wysmuis nou mooi verduidelik dat dit nie is wat Jesus van ons wil hê nie.....toe dog ek, wel, dan moet ek nou maar eerder die waarheid praat. So, ek is baie jammer dat ek nie eerder gesê het nie.

Lizzy: *[baie,baie bly]* Ooooo Stoffel, is jy ernstig?? Ek is sooooo bly. Baie,baie dankie. Jy is vergewe!! Dis als OK!!! *[spring op en af]*

Wysmuis: Dankie ,Stoffel, dat jy die waarheid kom praat het. Is dit nie lekker om iemand anders so bly te sien nie?!!

Stoffel: O, ja... baie beter as iemand wat heelyd hui!!!!

Wysmuis+Stoffel+Lizzy: Totsiens maatjies.... En onthou: praat altyd die waarheid!!!

[Deur Petru Vlok]